# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

*UITGAWE OP GESAG.* VAN SUIDWES-AFRIKA. *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

**10c** **Monday 17 May 1971** **WINDHOEK** **Maandag 17 Mei 1971** **No. 3168**


CONTENTS

INHOUD *Page/Bladsy*


**DRAFT ORDINANCE:—**

Control over the Entry and Residence of Prohibited Persons Amendment Draft Ordinance, 1971. . . . . .

**ONTWERPORDONNANSIE:—**

Wysigingsontwerpordonnansie op die Beheer oor die Binnnekoms en Verblyf van Verbode Persone, 1971 . 359


## Draft Ordinance

The following Draft Ordinance is published for general information.

J. J. KLOPPER,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

## Ontwerpordonnansie

Die volgende Ontwerpordonnansie word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

——— Words underlined with solid line indicate insertions proposed.

[ ] Words in square brackets indicate omissions proposed.

# DRAFT ORDINANCE

To amend the Control over the Entry and Residence of Prohibited Persons Ordinance, 1970, in regard to the definitions; in regard to permission to reside permanently in the Territory; to provide for the issue of permits with the approval of the Administrator or an officer authorised by him; and to provide for incidental matters.

---

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Ordinance 12 of 1970.

1. Section 1 of the Control over the Entry and Residence of Prohibited Persons Ordinance, 1970, (Ordinance 12 of 1970), hereinafter referred to as the principal Ordinance, is hereby amended by the substitution in paragraph (i) for the words " 'entry' " means entry into" of the words " 'enter' means to enter."

Amendment of section 2 of Ordinance 12 of 1970.

2. Section 2 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for the words "without a prior permit from the Administrator or an officer authorised by him to issue such permit:" of the words "without a permit issued after approval therefore had been granted by the Administrator or an officer authorised by him to grant such approval:".

Amendment of section 6 of Ordinance 12 of 1970.

3. Section 6 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Subject to such conditions as he may in his discretion determine the Administrator may grant written permission to any prohibited person [who has been residing in the Territory for such continuous period as the Administrator may prescribe,] to remain residing permanently in the Territory: [Provided that the Administrator may in his discretion grant such permission to any prohibited person irrespective of the period prescribed by him:] provided [further] that the Administrator may, at any time, without giving reasons, revoke any permission thus granted and may direct that such prohibited person leave the Territory immediately.".

Amendment of section 7 of Ordinance 12 of 1970.

4. Section 7 of the principal Ordinance is hereby amended by the deletion of paragraph (d).

Short title.

5. This Ordinance shall be called the Control over the Entry and Residence of Prohibited Persons Amendment Ordinance, 1971.

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

———— Woorde met 'n volstreep daaronder dui aan invoegings voorgestel.

[ ] Woorde tussen vierkantige hake dui aan skrappings voorgestel.

# ONTWERPORDONNANSIE

Tot wysiging van die Ordonnansie op die Beheer oor die Binnekoms en Verblyf van Verbode Persone 1970, met betrekking tot die woordbepalings; met betrekking tot bestemming om permanent in die Gebied te bly woon; om voorsiening te maak vir die uitreiking van permitte, met die goedkeuring van die Administrator of 'n beampte deur hom gemagtig; en om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.

---

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:—

Wysiging van artikel 1 van Ordonnansie 12 van 1970.

1. Artikel 1 van die Ordonnansie op die Beheer oor die Binnekoms en Verblyf van Verbode Persone 1970, (Ordonnansie 12 van 1970), hieronder die Hoofordonnansie genoem, word hierby gewysig deur in paragraaf (i) die woord „'binnekoms'" deur die woord „'binnekom'" te vervang.

Wysiging van artikel 2 van Ordonnansie 12 van 1970.

2. Artikel 2 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woorde „sonder 'n vorafgaande permit van die Administrateur of van 'n beampte deur hom gemagtig om sodanige permit uit te reik:" deur die woorde „sonder 'n permit uitgereik nadat goedkeuring daarvoor verleen is deur die Administrateur of 'n beampte deur hom gemagtig om sodanige goedkeuring te verleen:" te vervang.

Wysiging van artikel 6 van Ordonnansie 12 van 1970.

3. Artikel 6 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat hy na goeddunke mag bepaal, kan die Administrateur aan enige verbode persoon [wat vir sodanige deurlopende tydperk wat die Administrateur voorskryf in die Gebied gewoon het,] skriftelik toestemming verleen om permanent in die Gebied te bly woon: [Met dien verstande dat die Administrateur na goeddunke sodanige toestemming kan verleen aan enige verbode persoon ongeag die tydperk wat hy voorgeskryf het:] Met dien verstande [voorts] dat die Administrateur te eniger tyd sonder opgaaf van redes, enige toestemming aldus verleen, kan intrek en kan gelas dat sodanige verbode persoon die Gebied onverwyld moet verlaat.".

Wysiging van artikel 7 van Ordonnansie 12 van 1970.

4. Artikel 7 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur paragraaf (d) te skrap.

Kort titel.

5. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op die Beheer oor die Binnekoms en Verblyf van Verbode Persone, 1971.